

Sojabone vir plaaslike toestande

Daar is vanjaar weer meer as 500 000 hektaar sojabone aangeplant en met 'n huidige prys van meer as R6 000 per ton is dit 'n hoogs winsgewende gewas vir produsente.

Sojabone is 'n uitstekende wisselbougewas vir grasgewasse, soos mielies en koring. Dit breek nie net die siektesiklusse nie, maar dra ook stikstof oor aan die opvolggewas met opbrengsverhogings.

Sojabone benut voedingstowwe wat oorbly van die vorige gewas. 'n Goeie praktyk wat veral onder besproeiing in wisselbou met koring toegepas word, is om ekstra fosfaat en kalium aan koring toe te dien en dan geen bemesting aan die sojabone nie.

Wanneer sojabone reg met *Rhizobium*-bakterië geënt word, voorsien die plant in sy eie stikstofbehoefte.

Klein Karoo Saadbemaring (KKSB) het samewerkingsooreenkomste met verskeie internasionale maatskappye, universiteite en navorsingsinstellings wat toegang bied tot 'n wye basis genetiese materiaal.

NUWE KULTIVARS

Tans word sojaboonkultivars uit Amerika, Argentinië en Brasilië plaaslik geëvalueer. KKSB het gevind dat Suid-Amerikaanse sojabone goed aangepas is by Suid-Afrikaanse toestande.

KKSB is trots om drie Nidera-sojaboonkultivars bekend te

stel nadat hy 'n eksklusiewe ooreenkoms met Nidera gesluit het. Nidera is die grootste sojaboonmaatskappy in Argentinië en die naasgrootste in Brasilië.

NS 5009. 'n Medium/vroeë kultivar met wye aanpasbaarheid; presteer veral goed op die Hoëveld en in rotasie met koring; presteer uitstekend met laat aanplantings; dis die kultivar wat die meeste aangeplant word in Argentinië; het sterk saailinge, goeie staanvermoë, uitstekende opbrengspotensiaal, en peule wat nie maklik oopspring nie en egalig ryp word.

NS 5909. 'n Medium-kultivar wat wyd aangepas is; presteer goed in die koeler sowel as die warmer sojaboonproduksiegebiede; word die meeste aangeplant in Brasilië; het 'n uitstekende opbrengspotensiaal en stabiliteit; word egalig ryp en stroop maklik.

NS7211. 'n Medium/laat kultivar met wye aanpassing; beste in sy groeiklas; word aanbeveel vir vroeë aanplanting in koeler gebiede en normale aanplantings in warmer gebiede; presteer uitstekend onder besproeiing in die warmer areas in wisselbou met koring. **LBW**

➤ NAVRAE: Vir nog inligting oor Klein Karoo Saadbemaring se sojaboonaanbiedings, kontak jou plaaslike verteenwoordiger, bel **044 203 9800** of kyk by www.saadbemaring.co.za

		NS 5009* WYD AANPASBAAR	
	NS 5909* UITSTEKENDE OPBRENGS- POTENSIAAL		
		NS 7211* UITSTEKENDE BESPROEIINGS- KULTIVAR	



Posbus 159, Oudtshoorn, 6620, Suid-Afrika
Tel: 044 203 9800 • Tel: 018 293 1233 • Tel: 017 647 6431 • Tel: 012 252 6849
www.saadbemaring.co.za
*Variëteit ingedien vir registrasie

